




UMOYA
ENERGY
Empowered by Nature

FEBRUARIE 2020 NUUSBRIEF



ERKENNING AAN SPEELGROEP-MENTORS GEGEE

Speelgroep-mentors en afrigters het onlangs erkenning gekry vir die goeie werk wat hulle in Hopefield en Koperfontein doen. Hulle het sertifikate en leermateriaal ontvang wat speelgroep-leiers met hul onderwys- en vroeëkindertwikkelingsprogramme sal help.

Die speelgroepe het sedert hulle geïmplementeer is reeds groot suksesse behaal. 'n Basistoets wat vroeër deur Grassroots gedoen is het getoon dat hulp nodig was. Sedert die voorgestelde ingrypings gemaak is het ons groot verbeterings in terme van skoolgereedheid gesien. Umoya Energy se speelgroep-model was só suksesvol dat dit aan die Nasionale Department van Maatskaplike Ontwikkeling voorgelê is.

Ons is bly om aan te kondig dat Grassroots sal voortgaan om skoolgereedheid in die gemeenskap te verbeter deur middel van hul vroeëkindertwikkelingsprogramme, mentorskap en opleiding.



Speelgroep-mentors en afrigters het sertifikate tydens 'n onlangse gemeenskapsvergadering ontvang.



Dené Loubser het haar vierjaarkwalifikasie B.Ed. (grondslagfase) aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (Wellington) behaal en het as grondslagfaseonderwyser by Noordhoek Primêre Skool in Veldrifi begin werk.

STUDENTE WAT STUDIEBEURSE ONTVANG HET BETREE DIE WERKPLEK

Veels geluk aan **Dene Loubser** en **Zulcké Cleophas**, wat pas hul kwalifikasies ontvang het danksy Umoya Energy se studiebeurs program en nou die werkplek betree het.

Al die studente aan wie studiebeurse in 2019 toegeken is, het die akademiese jaar geslaag. Umoya Energy en die Weskus-gemeenskap is trots om met studente van dié kaliber te spog. Umoya Energy sal voortgaan om finansiële, psigo-sosiale ondersteuning en mentorskap aan die studente wat tans met hul studies besig is te bied. Ons wens hulle ook sterkte toe vir die jaar wat voorlê.

Zulcké Cleophas het onlangs haar B Tech-graad in verplegingswetenskappe ontvang en het pas haar droomwerk as 'n verpleegster by Vredenburg-Hospitaal begin.

KMMO-PROGRAM VIR ENTREPRENEURS

Umoya Energy se Ondernemingsontwikkelingsprogram help saam met TrioPlus Development en die Saldanhaabaai-Munisipaliteit om 10 plaaslike KMMO's se groei te versnel en hulle volhoubaar te maak.

Die program duur drie maande en sluit klasse, mentorskap en individuele bystand aan entrepreneurs in op die gebiede van bemarking, finansies en ondernemingsontwikkeling.

Die plaaslike KMMO's wat gekies is om deel te neem aan die program is: Shalom Baking, LeeJ, T Maqolo Trading, Malihambe Project Primary C-Operative Bpk., Mzamomhle Car Wash and Cleaning, Thembelakuye Trading (Edms.) Bpk., HOD Enterprise, Lukanyo Lwethu Technologies, Qhwekazi Designs en TA SK Installers.

As deel van die program word elk van die entrepreneurs geleer wat die proses en vereistes rondom 'n aansoek om befondsing behels. Elke onderneming moes 'n voorstel saamstel en ter tafel lê, waarna beginkapitaal beskikbaar gestel is om noodsaaklike toerusting mee aan te skaf om sodoende die ondernemings uit te brei en te versterk.

Mzamomhle Car Wash and Cleaning het 'n hoëdruk-wasser en 80l stofsuigmasjien van vlekvrystaal aangeskaf.



Lizzie Kopi kon met behulp van beginkapitaal 'n industriële naaimasjien aanskaf.



Pret by die Whole of Society Approach-vakansieprogram.

VAKANSIEPRET VIR DIE JEUG

Meer as 190 kinders van Hopfield, Vredenburg, Langebaan and Laingville het in Desember aan die Whole of Society Approach – vakansieprogram (WoSA) deelgeneem.

Die program is in samewerking met ArcelorMittal Suid Afrika, SANParke en die Saldanhaabaai-Munisipaliteit aangebied. Die vakansieprogram het ontbyt en peuselhapies van HOD Enterprises, sowel as besoeke aan SANParke en ander pret ingesluit.




2020

GEMEENSKAPSVERGADERINGS

Die volgende Gemeenskapsvergadering sal op die kennisgewingborde aangedui word.

KWARTAALLIKSE ONTLEDING

- Maatskaplike Welsyn
- Ondernemingsontwikkeling
- Onderwys



Umoya Energy Plaaslike Kantoor
26 Voortrekkerstraat, Hopfield

Kantoorure:

Maandag – Donderdag: 08:00 – 17:00
Vrydag: 08:00 – 14:00

Tel: +27 22 723 0022

Skakelbeampie
Amber Zeeman

amber.zeeman@umoyaenergy.co.za